Government Gazette
Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID AFRIKA

Vol. 469 Cape Town, Kaapstad, 14 July Julie 2004 No. 26569

## THE PRESIDENCY

No. 841 14 July 2004

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

**No. 33 of 2003: Postal Services Amendment Act, 2003.**

## DIE PRESIDENSIE

No. 841 14 Julie 2004

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

**No. 33 van 2003: Wysigingswet op Posdienste, 2003.**

26569
9 771682 584003

AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

_____ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

---

*(English text signed by the President.)*
*(Assented to 9 July 2004.)*

# ACT

**To amend the Postal Services Act, 1998, so as to provide anew for the application for and the issue of a licence to provide reserved postal services; and to provide anew for the requirements to provide a courier service in respect of unreserved postal services; and to provide for matters connected therewith.**

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 16 of Act 124 of 1998**

**1.** Section 16 of the Postal Services Act, 1998 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by—

*(a)* the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) Subject to **[subsections (3) and (5)]** subsection (3), no application may be entertained to provide a reserved postal service unless such application is lodged pursuant to and in accordance with an invitation issued by the Minister in the *Gazette*.";

*(b)* the substitution in subsection (4) for the words in paragraph *(a)* preceding subparagraph (i) of the following words:

"A reserved postal service of the postal company contemplated in this section**[, excluding a courier service in respect whereof the postal company must be licensed or registered separately,]** may be provided by a wholly-owned subsidiary of the postal company, without such subsidiary being required to hold a licence in terms of this Act, if—";

*(c)* the deletion of subsection (5); and

*(d)* the substitution for subsections (9) and (10) of the following subsections, respectively:

"(9) The licences contemplated in subsections (1) and (3) **[and (5)]** must be granted on terms and conditions consistent with the objects of this Act to be determined by the Minister and stated in the licence.

(10) **[The]** After a licence contemplated in subsection (1) or (3) has been issued, the Minister must make known the terms and conditions **[contemplated in subsection (8)]** applicable to such licence by notice in the *Gazette*.".

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

**[ ]** Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

______ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

*(Engelse teks deur die President geteken.)*
*(Goedgekeur op 9 Julie 2004.)*

# WET

**Tot wysiging van die Posdienstewet, 1998, ten einde opnuut voorsiening te maak vir die aansoek om en die uitreiking van 'n lisensie om gereserveerde posdienste te verskaf; en opnuut voorsiening te maak vir die vereistes om 'n koerierdiens te verskaf met betrekking tot ongereserveerde posdienste; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 16 van Wet 124 van 1998**

**1.** Artikel 16 van die Posdienstewet, 1998 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur—

*(a)* subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Behoudens **[subartikels (3) en (5)]** subartikel (3) word geen aansoek om 'n lisensie om 'n gereserveerde posdiens te bedryf oorweeg nie tensy sodanige aansoek gebring word na aanleiding van en ooreenkomstig 'n uitnodiging deur die Minister wat by kennisgewing in die *Staatskoerant* gerig is.";

*(b)* die woorde wat in paragraaf *(a)* van subartikel (4) subparagraaf (i) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

" 'n Gereserveerde posdiens van die posmaatskappy beoog in hierdie artikel **[behalwe 'n koerierdiens ten opsigte waarvan die posmaatskappy afsonderlik gelisensieer of geregistreer word]** kan deur 'n volle filiaal van die posmaatskappy verskaf word sonder dat sodanige filiaal die houer van 'n lisensie ingevolge hierdie Wet hoef te wees indien—";

*(c)* subartikel (5) te skrap; en

*(d)* subartikels (9) en (10) deur onderskeidelik die volgende subartikels te vervang:

"(9) Die lisensies beoog in subartikels (1) en (3) **[en (5)]** word uitgereik onderworpe aan bedinge en voorwaardes wat met die oogmerke van **[die]** hierdie Wet ooreenstem, deur die Minister bepaal word en in die lisensie vermeld word.

(10) **[Die Minister maak]** Nadat 'n lisensie in subartikel (1) of (3) beoog uitgereik is, maak die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* die bedinge en voorwaardes **[beoog in subartikel (8)]** van toepassing op sodanige lisensie bekend.".

### Amendment of section 22 of Act 124 of 1998

**2.** Section 22 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph *(d)* of the following paragraph:

"*(d)* A person may not be registered to provide a courier service in terms of this section unless that person undertakes—

(i) to receive, collect and deliver items contemplated in item 1*(b)* of Schedule 2; **[or]**

(ii) **[to render any service contemplated in subparagraphs (ii) to (v) of section 16(5)*(d)*, in respect of items contemplated in item 1*(b)* of Schedule 2]** to track and trace the whereabouts of any item received or collected for delivery by such person's business undertaking;

(iii) to deliver items within a definite time, in the case of deliveries across international borders;

(iv) to deliver items within the Republic at the latest by 13:00 on the first working day after receipt thereof; and

(v) to clear items through customs, where applicable.".

### Short title

**3.** This Act is called the Postal Services Amendment Act, 2003.

**Wysiging van artikel 22 van Wet 124 van 1998**

**2.** Artikel 22 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf *(d)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(d)* 'n Persoon word nie geregistreer om 'n koerierdiens ingevolge hierdie subartikel te verskaf nie, tensy daardie persoon onderneem—

(i) om items beoog in item 1*(b)* van Bylae 2 te ontvang, af te haal en af te lewer; **[of]**

(ii) **[om 'n diens beoog in subparagrawe (ii) tot (v) van artikel 16(5)*(d)*, ten opsigte van items beoog in item 1*(b)* van Bylae 2, te lewer.]** om die spoor te volg van waar enige item is wat deur sodanige persoon se besigheidsonderneming vir aflewering ontvang of afgehaal is;

(iii) om items binne 'n bepaalde tyd af te lewer in die geval van aflewerings oor internasionale grense;

(iv) om items binne die Republiek op die laatste teen 13:00 op die eerste werksdag wat volg op ontvangs daarvan af te lewer; en

(v) om, waar van toepassing, items deur doeane te klaar.".

**Kort titel**

**3.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Posdienste, 2003.

PRINTED BY CREDA COMMUNICATIONS, CAPE TOWN, FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, TEL. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—3600
GEDRUK DEUR CREDA COMMUNICATIONS, KAAPSTAD, VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, TEL. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—3600